Wapadrant E-NUUS

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

23 Junie 2022

PREEKROOSTER JUNIE & JULIE 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker
26 Junie **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Klassiek	**08:30**	Peet Vermeulen
03 Julie **Doop**	Klassiek	**08:30**	Rassie Smit
10 Julie **Doop**	Kontemporêr	**08:30**	Paul Kruger
17 Julie	Kontemporêr	**08:30**	Jacques Tredoux (ruildiens met GK Brooklyn)
24 Julie	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Peet Vermeulen
31 Julie **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit

08:30 Erediens

"Facebook"
https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube" https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM KENNIS ASSEBLIEF

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas. Afgesluit vir die winter, begin weer Dinsdag 2 Augustus.
- **Bybelstudie vir manne:** Afgesluit vir kwartaal. **Vanaf 3de kwartaal (25 Julie) vind dit Maandagaande om 19:00 by kerk plaas.**
- **Jeugkleingroepe (Gr 1 – 12) en kleuterkerk (3-6 jariges)** vind gedurende skoolkwartale plaas om 09:30 in hul onderskeie klasse. **Kwartaal 3 hervat 24 Julie 2022.**
- **Volgende E-Nuus verskyn Donderdag 21 Julie 2022**
- **Dr Rassie Smit is met verlof vanaf 8 – 17 Julie 2022.**

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Hillegonda de Groot wat in Wilgers hospitaal is.
- Petro Bouwer wat Woensdag 'n operasie in Wilgers hospitaal ondergaan het.
- Jaco en Nehléne Cilliers en Pieter en Anneleen Neveling. Jaco en Anneleen se ma (Marie Cilliers, oudlidmaat) is oorlede.
- Sakkie van der Walt wat in Pretoria Oos hospitaal opgeneem is.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Baie geluk aan die volgende:

- **Doop 3 Julie**
  - Geluk aan Christiaan en Elizabeth Klopper wat vir Meinhardt Albert laat doop.
  - Geluk aan Anton en Carike Raubenheimer wat vir Anicke Elizabeth laat doop. Jan en Elfrieda Meyburgh is die trotse grootouers.
- **Doop 10 Julie**
  - Geluk aan Pieter en Zelri Heystek wat vir Elsie laat doop.
  - Johan en Janie van der Merwe wat vir Leandie laat doop. Paul en Phillazie Roos is die trotse grootouers.

BELYDENISAANSOEKE

Jongmense wat op **16 Oktober 2022** belydenis van hul geloof wil aflê, kan 'n skriftelike aansoek stuur na admin@gkwapadrant.co.za. Jou skrywe/epos moet teen **22 Julie** gestuur/ingehandig word.

Belydenisgesprekke (saam met ouers) vind op 28 Julie plaas.

Belydenistoewyding vind Sondae van 17:30 – 18:30 plaas. Dit begin reeds op 31 Julie en strek tot 25 September.

KOMBIBESTUURDERS VIR SONDAE & SUNRISE NASKOOL

Soos in die verlede, wil die inwoners van Paul Jungnickel-tehuis graag weer die 08:30 erediens bywoon.
Ons benodig vrywilligers om Sondagoggende (met die kerk se kombi) hierdie lidmate te gaan haal en dan weer terug te neem. Hoe meer bestuurders daar is, hoe minder beurte kry elkeen. Kontak Ilda by 012 991 5623 / admin@gkwapadrant.co.za indien jy hiermee behulpsaam kan wees.

SunRise Naskool benodig steeds persone om tussen 12:00 en 14:00 'n tydjie te kan afstaan om die kinders by Garsfontein Laerskool te gaan oplaai. Die kerk se kombi word vir dié doel gebruik. Kontak Helena by 012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za om jou naam deur te gee. Ons hoop om teen19 Julie, wanneer die skole open, 5 persone se name te hê.

DAMESOGGEND 20 AUGUSTUS 2022

Gesamentlike Uitreikaksie van Pretoria-Gemeentes ten bate van President Kruger Kinderhuise (organiseerders Geref. Kerk Kameeldrift).

Venue: St Mary's DSG Skoolsaal,Duxburyweg, Brooklyn
Tyd: 8h30 vir 9h00
Gasspreker: Dr Gustav Gous (Teoloog & Lewensafrigter)
Gaskunstenaars: Danie Niehaus & Germandt Geldenhuys
Koste: R200 per persoon

Onthou om jou naam (as gasvrou of net as 'n gas) na die kerkkantoor deur te gee. (012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za).

STADBOUER OPLEIDING

SOP-PROJEK VIR KAMEELDRIF

MISSIO DEI UITREIK-PROJEK

MOOTKAMP – GR 10 - 12

LIDMAATSKAP BY WAPADRANT GEMEENTE

Indien jy hierdie epos ontvang, beteken dit dat jy wel as lidmaat aangedui word by Wapadrant Gemeente se databasis.

Indien jy nie meer 'n lidmaat is van die gemeente nie, laat weet ons per epos aan admin@gkwapadrant.co.za sodat die nodige attestaat/bewys van lidmaatskap aan jou/julle gestuur kan word.

DANKOFFERS EN LIEFDEGAWES

Maak gerus van onderstaande metodes gebruik om jou dankoffer/liefdegawes/spesiale inbetalings oor te betaal:

Bankbesonderhede vir elektroniese inbetalings of deposito's by bank:
Gereformeerde Kerk Wapadrant
ABSA tjek 3490151957, takkode 632005.

Verwysing:
Vir Dankoffer: **Naam en Van**
Spesiale inbetalings: **Bv. Liefdegawe**
Snapscan: Verwysing soos bo genoem
Debietordervorm beskikbaar by
http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

Snap here to pay

SnapScan